Sk met Lonrho

(2)

GESPREK 19 OKT 75 (dr m dek). Kwart Kwaka Wanneer aut

1. Roland het Joseph Cisho, no 2 in die State Department, gesien. Kissinger was ook vir 10 minute bygebring. Dit was nodig omdat dit nou blyk dat die Unita-verteenwoordiger daar, Tony Fernandes of Fernandes da Costa, nie op hoogte van sake met gebeure in Angola is nie en geen toegang tot sleutelpersone in Washington het nie.

2. Roland weet van alles wat ons doen.

3. Kissinger sê ons moet vinnig en op groot skaal optree en ons dekking hou soos nou. Ons moet oorname verseker.

4. VSA sal probeer om tyd te wen. Sal 80 miljoen dollar aanbied aan Portugese as lening as hulle oorhandiging kan vertraag tot Januarie.

5. Roland het geen probleme ondervind om toegang tot Cisho te kry nie. Cisho het hom gevra om vir hulle te werk. R het makliker toegang tot C as ons eie diplomate.

6. Roland het groot toegang tot Saoedi Arabië. Sy groot kontak, Sjeg Anal, is met Feisal se suster getroud. Hy is Hoof van die Sekerheidsdienste van Saoedi Arabië. Huidige koning is net poppefiguur. Sterk man is die Kroonprins Sajed. Arabiere sê hulle het nie tyd om hulle standpunt te stel nie maar hulle steun ons 100%. Is bang vir Russiese invloed bv Somalië. Sê ons moet hard slaan en alles ontken. VSA het Sadat 2 miljoen dollar gegee om te beken.

7. Ek het hom gevra om vas te stel wat houding is tov Israel-SA verhouding - by die Ambassade in Jerusalem.

8. R ken elke Staatshoof in Afrika en onder Arabiere. Het 'n executive jet wat vinniger is as 'n Boeing.

9. Kan repudieerbaar praat.

10. Ken ook vir Sithole en Muzorewa. Het brief laat besorg van Sithole aan Kaunda waarin hy goedkeuring en hulp vra vir 'n algemene staking in Rhodesië as hy met sy inval begin.

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED
2015-03-16
D.M. CHAMBERS
82425780PE WO1

/11. Vorige .....

11. Vorige Sekretaris van die OAE is in sy diens. Hy het alle waardevolle bronne van die OAE tot sy beskikking. Hy weet presies wat orals aangaan.

12. Daar kan groot waarde wees vir ons in Afrika deur R - Nimeiri Sadat einde van die jaar landingsregte vir ons in Zambië en vir hulle hier. Deurgang van Zambië gaan deur Rhodesië na ons hawens as ons hoeveelheid kan vat. Landings= regte ens word nou oor onderhandel met Buitelandse Sake.

13. Savimbi het nou van Abidjan gebel. Hy wil 'n mil persoonlikheid spreek op Vrydag in Parys. Portugese Minister van Buitelandse Sake sal ook daar wees. De V sal ook daar wees. Moet nie v.d. B wees nie. Weet nie waarom versoek deur R gekom het nie. Miskien weens gebrek aan verbindings. Sangumbe wil na Pretoria kom. Onderwerp van bespreking is van militêre aard.

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED
2015 -08- 1
D.M. CHAMBERS
82425760PE WO1